Hoe om ’n piesangpakkie te maak

Hierdie is ’n lekker aktiwiteit vir verkenners en PD’s. Maak piesangpakkies vir nagereg. Dit is lekker om rondom ’n vuur te sit en kuier en saam nagereg te maak.

? Stappe

1. Bestandele vir een persoon:
   Een piesang
   ± 4 malvalekkers
   Flake (*½ flake* is voldoende)
   Foelie
2. Neem ’n stuk foelie. Plaas die blink kant na bo.
3. Sny ’n piesang middeldeur en plaas die helftes op die foelie.
4. Breek malvalekkers in stukkies en strooi oor die piesang.
5. Strooi ’n *flake* oor die piesang.
6. Vou die pakkie toe.

7. Plaas direk op die kole.
8. Draai na ’n rukkie om. Moenie te lank op die kole los nie.
9. Lekker eet!

☺ Wenke

1. Party kinders hou nie van gebraaide piesang nie. Laat hulle dan malvalekkers braai.
2. Jy benodig ’n lepel om die nagereg te eet. Hou dus ’n lepel byderhand.

☠ Waarskuwings

1. Moenie die piesangpakkie te lank op die kole hou nie.
2. Skryf name op die foeliepakkies of maak elkeen se foeliepakkies anders toe. As daar 10 foeliepakkies op die vuur is, is dit moeilik om te onthou wie se pakkie is wie s’n!